

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

SO MOET 'N STEL HORINGS LYK

Jagters spandeer jaarliks baie geld om die bok met die grootse horings te kan skiet. Dis ook hoe die Rowland Ward Trophy meetstelsel tot stand gekom het. Jy hoor die trots waarmee die jagters praat as hulle 'n Rowland Ward geskiet het. Kobus Deysel (middel) het sy trofee Sable-bul verlede naweek op Goedehoop van Danie (links) en Marise Hattingh raakgeloop. Kabous van der Merwe (regs) was die professionele jagtersgids wat die bul vir Kobus uitgewys het en meet die horings 44" met basis van die horing 10.5". Dit was die eerste Roland Sable wat hier geskiet is. Tydens die jag is daar ook 'n trofee Blesbok en Swartwildebees geskiet. Om te kwalifiseer vir Roland Ward moet 'n Blesbok 16 en 4/8 ste" meet, Sable 42" en Swartwildebees 32".

Skryf jou trofee in. Die lood vlieg rond en ons wil graag jou pragbok se foto's deel. Stuur dit gerus na heraldnuus@heilbron.co.za of WhatsApp foto's na 078 857 2106. Die kompetisie sal einde Augustus ten einde loop. Foto's word dan op Facebook geplaas waar die publiek deur middel van "like" stemming 'n wenner gaan bepaal. Die wenner sal 'n mooi baadjie, geborg deur Heilbron Herald, ontvang.



Is jy reg geregistreer om te kan stem?

Maak seker jy is korrek geregistreer om in die komende munisipale verkiesing te kan stem.

Besoek www.isekgeregistreer.co.za of stuur 'n SMS met jou ID-nommer aan 34139.



Indien jy reeds geregistreer is, maar by die verkeerde stempunt geregistreer is, kan jy jou adres aanlyn wysig by www.elections.org.za/MyIEC

www.vfplus.org.za |

BONUS HARDWARE BIG CEMENT SALE

VALID FROM 25 MAY - 30 JUNE 2021

WHILE STOCKS LAST

BB Cement R85.00

BB Cement R100.00

058 853 8188 | 072 287 4111

31 Reed Street, HEILBRON, 9650

CASH & CARRY ONLY

DUPNO Trading

Awegare Ontvangsbakke Graandamme Waterdamme

Ryno: 078 268 7665
Kerni: 083 280 9943
ryno.dupno@gmail.com
petzerks@gmail.com

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff: 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwld.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/02

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

NUWE BEGROTING GOEDGEKEUR

Ngwathe se stadsraad het verlede Vrydag op 'n virtuele raadsvergadering die munisipale begroting vir die nuwe finansiële jaar goedgekeur. Dit is die huidige raad se vyfde en finale begroting voordat dit ontbind vir die munisipale verkiesings op 27 Oktober. Die begrotingsvoorstelle is vroeër verlede maand aan die publiek vir openbare bespreking en raadpleging voorgelê.

Die nuwe munisipale jaar begin aanstaande maand (1 Julie).

Ngwathe se tariewe styg met 4.1%, behalwe water (dit styg met 5%) en elektrisiteit wat, hoofsaaklik as gevolg van enorme Eskom-verhogings, mag styg met 20% (onderhewig aan goedkeuring deur Nersa, die reguleerder van elektrisiteitspryse).

Die finale nuwe tariefskaal is beskikbaar eers na die middel van Junie, nadat Nersa-besluit het.

Die begroting voorsien totale bedryfsuitgawes oor die jaar heen van

R900m, en bykans R160m in kapitaalbesteding, dit wil sê uitgawes op vaste oftewel kapitale bates.

DA-raadslede het gesê hierdie begroting is baie moeilik. “Ons sou graag meer besteding aan infrastruktuur (soos strate, kragdrade, waterpype en -suiwering) wou sien, maar munisipale inkomste is onder groot druk, en daar is reeds te min geld vir alle lopende uitgawes.”

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, Ngwathe se DA-segsman oor munisipale finansies, het toe voorgestel dat die raad sy bestaande finansiële Taakspan opdra om baie aktief te fokus op kostebesparings sonder om diensgehalte te verswak. “Ons moet uitvind hoe om meer gedoen te kry met dieselfde geld, deur vrugtelose en onproduktiewe uitgawes asook korrupsie te verminder.” Hy het ook gevra dat die Taakspan maniere voorstel om 'n inkomste te verdien uit Ngwathe se talle onbenutte bates, soos die Mimosa-tuin, Heilbron se ontspanningsoord, en verhuurbare behuising en persele van die

munisipaliteit.

“Ons moet kenners vra vir insette, en veral plaaslike sakelui ook,” het Schoonwinkel bygevoeg. Hy verwag dat DA-raadslede binne weke spesifieke voorstelle aan die Taakspan sal kan voorlê. Die voorstel is eenparig aanvaar.

Rdl Phillip van der Merwe (Vryheidsfront Plus) het gesê die begroting moet noodgedwonge in geheel aanvaar word, maar voorgestelde wysigings in die begrotingbeleidsdokumente weerspreek plekplek die nuwe tariefstruktuur, en dit moet reggestel word. Tariewe moet ook gesinchroniseer word sodat dieselde kategorieë verbruikers by elke diens ooreenstem. As voorbeeld het hy genoem dat daar in riooltariewe vier soorte besigheidsverbruikers vermeld word terwyl by elektrisiteit slegs twee kategorieë bestaan. Dit skep onnodige verwarring. Hy het aangedring dat 'n ondersoek gedoen moet word na tariefstrukture om veral ook te bepaal of Ngwathe se huidige tariewe

werklik kosteverwant is. Hy het ook bevraagteken of die gepubliseerde aannames oor die munisipaliteit se verwagte maandelikse inkomste nie in die lig van Covid te optimisties is nie.

“Verhalingskoerse was in die verlede reeds laag en inwoners sal, gegewe die huidige ekonomiese toestande en die verwagte styging van elektrisiteitskoste, nog meer sukkel om Ngwathe te betaal wat hulle moet.”

Raadslid Van der Merwe het die voorgestelde verhoging van kortings op erfbelasting aan pensioenarisse verwelkom. Pensioenarishuishoudings met 'n totale inkomste tot R4 300,00 per maand sal 100% korting ontvang, tot R4 850,00 per maand 60%, tot R7 500,00 per maand 30% en tot R8 170,00 per maand 15%. “Dit sal darem bietjie verligting vir pensioenarisse meebring” sê hy.

Heilbron Herald sal later die volledige nuwe tariefskale publiseer.

MY BEST

DAD

Maak Vadersdag Spesiaal met 'n boodskap in die koerant teen slegs R60. Foto's is ook welkom! Kontak ons vir 'n plasing by heraldnuus@heilbron.co.za

BEYERS LAAT 'N GROOT LEEMTE

Beyers de Bruin se nalatenskap sal nog vir lank voortleef in die gemeenskap van Koppies en boerderygemeenskap. Hy is Maandag in die Millpark Hospitaal aan Covid oorlede. Beyers het die Tip Top groep tot stand gebring met 'n klein begin en word vandag as een van die reuse beskou in die melkverspreidings-industrie. Beyers was 'n gemeenskapsmens met 'n oop hand vir die gemeenskap en het nie geskroom om te praat oor sy geloofsoortuigings nie. Die herdenkingsdiens is vandag op die plaas Klippan. Hy laat na sy vrou Yolandi, dogters Anika en Karla en seun Beyers jnr. Hy was die oudste seun van Beyers en Patrys de Bruin.



MAGDALEEN LEEF NOMADIES



Dié 26-jarige word beskryf as die gelukkigste huislose mens in Suid-Afrika. Magdaleen Jooste, dogter van Jan en Zani Jooste van Heilbron, het in 2013 aan Hoërskool Heilbron matrikuleer en vroeër vandeeweek haar nomadiese leefstyl op RSG bespreek. Na matriek het sy industriële ontwerp by die Universiteit van Johannesburg studeer. Nadat sy ervaring in die industrie opgedoen het, het sy tot die besef gekom haar hart lê by patentregte. Sy is alreeds vir meer as drie jaar werksaam by Bredenkamp Prokureurs geleë in Pretoria en toer sedert Desember werk-werk in die land rond. As kandidaat-patentprokureur het sy eers in 'n kantoor gewerk en haar woonstelhuur getrou betaal, maar toe besluit sy om liewers sonder vaste woonadres haar werk te bly doen.

Die Covid-19 pandemie het mense se denke verander en veroorsaak dat die meeste besighede aanlyn werk. Met 'n goeie databasis in plek het Bredenkamp Prokureurs se werknemers sedert laas jaar Maart van die huis af begin werk. Magdaleen vertel in die onderhoud met RSG dat sy teen Desember al gewoond was aan die ritme en het die nodige selfdisipline in plek gehad om in hierdie omstandighede te kan werk. Sy het toe tot die besef gekom dat of sy in Pretoria huur of enige ander plek in die land, dit dieselfde sal wees omdat sy steeds net van die huis af sal werk. Sy beskryf dit as “jy oorleef basies net en leef nie meer nie”. Sy het besluit om haar huur op te gee, meubels te stoor en die pad aan te vat en is tans in McDougallsbaai. Sy vertel elke naweek voel soos vakansie en het tans nog nie 'n plan om standvastig te raak nie en glo sy sal eendag net op 'n plek kom waarvan sy baie sal hou en haar daar sal vestig.

Op die foto: Magdaleen Jooste aan die werk op McDougallsbaai naby Port Nolloth. (Foto vanaf RSG se webblad)

1 - 8 JUNIE 2021

DISCOUNT DINSdag

OVERALL COMBO

R610

Includes Unbranded Denim overall, Dot Argon Safety Boots & a Short Sleeve T-Shirt

Heilbron Herald

VAN ROMMEL TOT GETJOMMEL

Die honde blaf in Suid-Afrika

Honde blaf mos eintlik as dit donker is - veral saans wanneer daar geen ligte brand nie!
Weet nou nie eintlik of hul bang is nie en of hulle dalk eienaars waarsku van dreigende onheil?

Maandag was onse ou "dorpie" - nogal trots op hom - weer blootgestel aan die naarheid van die werklikheid.
Die werklikheid waaraan ons blootgestel word, is dat ons nie kan staatmaak op effektiewe bestuur nie. Wat gesê word of verwag word, is nie altyd haalbaar nie. Dit maak dit so moeilik om besluite te neem en dan word verwag om jou "kant" te bring.

Soos ouboet Jan nou die dag opgemerk het - as jy 'n skaap in die winter skeer is die ou velletjie so dun so papier en hy sal dit nie maak nie.

Hoor op die "lyne" - daar is mos nie meer telefoonsentrales wat alles weet nie - dat die onverwagte donkerte wat onse Heilbron Maandagnag verder in die donkerte gedompel het dat "iemand" een van die stroombrekers nie behoorlik toegemaak het nie. Dit is toë hy/sy? Eskom se krag moes



aanskakel na "load shedding".
Toe Eskom weer om 6.30 nm. vir Heilbron van krag moes voorsien het die ligte so

of Harmony, Prosperity and Growth", Parys, wat die tuiste is van Ace Magashule, sal moet uithaal en wys, want Heilbron se elektriese-afdeling moes skynbaar die nodige stroombreker eers in die Vaaldriehoek gaan haal. Dit is eers Dinsdag weer in werking gestel!

Sal nogal interessant wees om te bepaal hoeveel produksie Heilbron se fabrieke/ besighede in die donker tydperk van seker 10 uur moes inboet?

Daar gaan seker gedagtes geopper word dat daar nie fondse is vir instandhouding nie!

Tydens 'n "vergadering" van Ngwathe se uitvoerende bestuur so klompie jare gelede wat "yours truly" in die stadsaal op Heilbron bygewoon het, vind ek my langs dr Thinus Hermann van Clover (toe nog NCD) en na hartlike verwelkoming word die finansiële verslag bespreek? Die wat my goeie vriend ken sal weet hy skroom nie om sy opinie uit te spreek nie. Hy het dit onomwonde aan die burgemeester gestel dat die grootste gros van die inkomste aan salarisse bestee word en dat dit vooruitgang sal rem en instandhouding kelder!

Onse bure in Phiritona se rooiligte het nog Dinsdag vroegoggend helder gebrand terwyl ons monde kwyl van jaloesie.

Ngwathe met sy kenteken van "The Home

Time Gentlemen
Tom Watson

NGWATHE AMNESTIE: TYD LOOP UIT

Verbruikers wat nog van Ngwathe Munisipaliteit se amnestieaanbod gebruik wil maak sal moet opskud – die sperdatum vir indiening van aansoeke is 30 Junie 2021. So maan Vryheidsfront Plus raadslid Philip van der Merwe van Heilbron. “Die termyn waarbinne aansoek gedoen moet word was juis reeds verleng om veral boere in staat te stel om hul oeste in te bring en die kontantvloeï te genereer om die verlangde enkelbedragbetaling te kan doen en die geleentheid moet nou aangegryp word”, sê raadslid Van der Merwe. In terme van die amnestieaanbod sal die

munisipaliteit 50% van ’n verbruiker se totale munisipale rekening op aansoek voorwaardelik afskryf. Daar is twee voorwaardes aan verbonde, naamlik dat die verbruiker die oorblywende 50% van die rekening in ’n enkelbedrag betaal en daarna vir die volgende 12 aaneenlopende maande elke maand sy gehele verbruikersrekening ten volle betaal. Sou die betalings nie vir die volle 12 maande gehandhaaf word nie, sal die bedrag wat voorwaardelik afgeskryf is weer na die rekening teruggetel word. Aansoekvorms is verkrygbaar by alle munisipale kantore.

SPIDER BANNER WALL

THE LEGS

7TH FLOOR

Heilbron Herald

R3385.00

Incl. Design | Excl. VAT

- SETS UP IN SECONDS
- SPACE SAVING DESIGN
- LIGHT WEIGHT & DURABLE
- BRANDED SKIN (3000mm X 2250mm)

R20 PRODUKSIEVEILING

RIEMLAND Don. 17 JUNIE 2021 om 11:00

SUNNYSIDE, HEILBRON

8km vanaf Heilbron op die R725 (GPS S27° 20'141 E27° 58'700)

Besigtigingsdag: 16 Junie 2021, 15:00

200km Gratis Aflewering

NAVRAAL

16 Bulle (Ease D getoets)

380 Vroulike diere (alle produksiestadia)

Lot 3 HFN 18-248

Beeste BM skoon. Sennikale dag van veding beskikbaar.

AVBOB-LEDE ONTVANG GRATIS BEGRAFNISVOORDELE* VAN AVBOB BEGRAFNISDIENS WAT DIE VOLGENDE INSLUIT:

Begrafnis ter waarde van **R12 000**

R2 500 vooraf

GRATIS vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

Jy kry dit **ALLES** bo en behalwe jou volledige polisuitbetaling. Dis alles 100% **GRATIS*** vir AVBOB-lede.

Kontak die volgende tak vir **meer inligting:**

HEILBRON:
(058) 852 1300

Heilstraat 54A,
Heilbron

ONDERLINGE GENOOTSKAP

ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdienste die begrafnis onderneem. AVBOB is 'n gemagtigde finansiële dienslewerder, AVBOB is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek www.AVBOB.co.za

AVBOB-LEDE AVB-HEH-210506

WEEK TWEE-EN-TWINTIG VAN 2021

UIT DIE PEN

Dit het die ander dag weer in Menlyn gebeur. Net vir bietjie konteks: julle weet mos ek kom van 'n piepklein dorpie af en leef nou al vier-en-'n-bietjie jaar saam met die wel en wee van Pretoria. Ek hou nie daarvan om na Menlyn toe te gaan nie, want ek verdwaal my gek. Al wat ek weet is waar om te stop sodat ek by die groentewinkel en grootmaatpteek kan instap sonder om my kar te soek.

So het ek en my goeie man Saterdag Menlyn toe gegaan vir die maandelikse inkopies. Ons moet op die tweede vloer kom (waar ek gewoonlik nooit gaan nie) en neem sommer die eerste hysbak wat ons raakloop omdat ons nie die trappe kry nie.

Opwaarts was dit nog gangbaar. So kom ons terug met ons vol waentjie, beland binne-in 'n leë hysbak. Daar kom 'n jong man aangehol en beduie hy wil saam ry. Hy glimlag en neem sy plek in. Ons staan,

soos vereis, ten minste 1,5 m van mekaar.

By die onderste vloer aangekom, skuif die deure oop en wragtag: drie mense wat buite wag beur binne-in. So staan ons met ons waentjie in die agterkant van die hysbak ingedruk, die jong man hang aan die deur om dit oop te hou en die drie nuwe *instappers* word angstig om waar-ook-al heen te gaan. Uiteindelik het ons mekaar losgewriemel, waentjie al stampend en stotend buitekant gekry en die jongman vat die pad.

Hoe maklik sou die drie *inkommers* net effens hysbakgeletterd was?

Het jy geweet dat 'n gemiddelde gebruiker vier hysbakritte per week onderneem? Dit word gereken as die veiligste manier om rond te beweeg. Daar is gemiddeld 325 miljoen hysbakritte per dag en elke hysbak dra omtrent 20 000 mense per jaar.

Blykbaar was daar 24 hysbakke in die Romeinse Colosseum wat deur 200 slawe beman was. Dit was natuurlik voordat 'n gebou van nege vloere in New York die eerste keer daarmee gepronk het. Dit was omtrent teen 1920, en natuurlik was die publiek effens skrikkerig om dit te gebruik.

Vroeër was daar selfs 'n mediese toestand, "hysbaksiekte", wat mense opgedoen het wat soortgelyk was aan karsiekte. Blykbaar as gevolg van die vinnige beweging van die hysbak wat dus die vinnige beweging van die ingewande tot gevolg gehad het. Daar was selfs stoele in die eerste hysbakke sodat die passasiers nie beseer word nie.

Dakwoonstelle was gereserveer vir die lae klas werkers, want sonder hysbakke was hulle die enigste groep wat te voet tot bo kon trappe klim. Met die bekendstelling van die hysbak, tesame met die pragtige uitsig vanuit 'n dakwoonstel, moes die lae klas werkers toe hulle ry kry. Ryk mense het hysbak gery en

meer betaal vir die dakwoonstelle.

Terug na Menlyn se hysbak: ek geniet dit om mense se gesigsuitdrukings te bestudeer. Ek en my goeie man knoop so af en toe 'n *random* gesprek aan met 'n wildvreemde in 'n hysbak.

Hier is 'n paar dinge wat jy in 'n hysbak kan doen om reaksie uit te lok:

Wanneer jy instap, vra: "Wonder julle ook waarom ek julle almal na hierdie vergadering genooi het?"

Vat jou eie stoel saam en maak dit staan in die hysbak. Bied dit vir iemand aan of, les bes, sit sommer self daarop.

Vra almal in die hysbak om saam te werk met hierdie een: wanneer die deure oopgaan, bars almal uit van die lag asof jy nou net 'n grap vertel het. Ek wed jou dat dit 'n paar wenkbroue sal laat lig.

Aangesien baie van die jongelinge deesdae met hulle oorfone die winkels besoek, sit joune ook aan, maar maak seker dat almal weet dat dit nêrens gekonnekteer is nie. Dan neurie jy saam, of sing sommer die woorde van 'n kinderliedjie soos Siembamba.

Stap in die hysbak en kyk na die teenoorgestelde kant as die res van die hysbakkers. Hulle staan mos altyd en kyk na die deur of die liggies aan die bo-kant van die deur. As jy nog meer snaakse kyke wil hê, druk jouself tot in die hoekie van die hysbak en begin saggies fluister. As jy een kan onthou, sê sommer 'n gediggie op. Hallelujaliedjies werk ook goed. Dink ek.

Wanneer iemand die hysbak verlaat, druk saggies op jou oor en fluister hoorbaar: "Alfa bravo, alfa bravo, hy klim nou uit, staan by, ek herhaal: hy klim nou uit, staan by." En dan glimlag jy liefies vir die res van die hysbakkers.

Regtig, jy kan lekker pret hê. Maar vir eers is daar net 'n paar hysbakreëls om te onthou.

As die deure oopgaan en jy staan buite, wag geduldig totdat diegene wat wou uitklim, uitgeklim het. Moenie hulle teen die agterste muur vasdruk nie. Dit sal hulle dan noop om te begin gediggies opsê.

Moenie in jou neus krap terwyl jy na jou eie weerkaatsing kyk nie. Almal weet wat is in jou neus, maar niemand hoef te sien waarmee jy vorendag kom nie.

Jy hoef die knoppies net een keer te druk. Regtig. Dis amper so goed soos jou raakskermtelefoon: letterlik *touch and go*. Druk dit net een keer. Hysbakke onthou beter as mense.

Moenie jou telefoonoproep in 'n hysbak beantwoord of voortsit nie. Dis net bloot ongeskik.

Wanneer jy vir die hysbak wag, staan effens teen die kant en nie in die middel nie. Die kans is goed dat die deure sal oopgaan en die mense (met hulle waentjies) ry bo-oor jou.

Jy mag die deur vir iemand anders oophou. Maar moenie die deur oophou vir vriend Piet wat net gou toilet toe is nie. Nie aanvaarbaar nie.

Moenie, o, moenie jouself in 'n vol hysbak inwurm nie. Behalwe dat jy heel moontlik die COVID-maatjie regs van jou se virus gaan inasem, gaan die tannie aan die linkerkant se swaar Royal Secret parfuim aan jou kleef. En, ek wed jou, iemand gaan oor jou skouer nies.

Gits, amper vergeet ek: as jy gisteraand 'n heerlike spaghetti bolognese met 'n bol knoffel geëet het, neem eerder die trappe.

En wanneer jy weer in die hysbak instap en dit verlaat die grond, sê kliphard: "Whieeee!" Resultate gewaarborg.

Herald Office National
Contact us by
to confirm stocks
058 852 3033

**COVID-19 PROTECTION
PREVENT & PROTECT
STAY SAFE**

Liquid Hand Sanitizer

5 Litre R240.00 Incl VAT

500ml R50.00 Incl VAT

Liquid 70% Alcohol Disinfects Surfaces Freshens the Air Easy to use

Non-Medical Disposable Civilian Masks

R5.00 Incl VAT PER UNIT

3-Ply | Disinfection Treatment Prevents Spread of Germs Single Use | Includes CE / FDA Certification Buy a pack of 50 for R230

Hand & Surface Aerosol Spray

400ml R55.00 Incl VAT

400ml Aerosol Spray 97% Alcohol in concentrate Disinfects Surfaces Buy the 3 pack for R150

275ml R45.00 Incl VAT

275ml | Aerosol Spray Over 70% Alcohol Disinfects Surfaces Freshens the Air

Elger Sanitizer Dispenser

R995 Incl VAT PER UNIT

No Touch - Automatic Sensor ABS plastic housing | 3l Capacity Battery Life 10 000 Cycles Suitable for Foam, Soap, Liquid Sanitizer Wall Mounted Hand Sanitizer Dispenser

Infrared Forehead Thermometer

R495 Incl VAT PER UNIT

Non-contact temperature reading Infrared sensor Screen Display

Pulse Oximeter

R515.70 Incl VAT PER UNIT

Fingertip Oximeter Lightweight & Portable One-Button Measurement

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE!

Daar is 336 nuwe gevalle aangemeld in die Fezile Dabi-distrik sedert die 28ste Mei tot en met 2 Junie 2021. Dra jou masker, hou sosiale afstand en isoleer indien jy kontak gehad het, want in die ses dae tydperk is daar 63 nuwe gevalle bygevoeg op Ngwathe se kerfstok waarvan 9 gevalle in Heilbron aangemeld is. Buurdorpe soos Sasolburg se getalle het met 153, Kroonstad met 85 en Frankfort met 10, gestyg.

Inentings teen Covid-19 van mense 60 jaar en ouer het reeds laas week afgeskop en het die Departement van Gesondheid Huis Bron-van-Heil Vrydag besoek om die inwoners in te ent. Diegene by die ouetehuis wat die inenting wou ontvang, het almal gekry en sal hulle binnekort met die tweede dosis ingeënt word. Reeds 57 425 mense in die Vrystaat het tot op die 2de Junie die inenting ontvang.

Elkeen word herinner dat inenting vrywillig en gratis is en die wat belangstel daarvoor moet registreer. Sodra jy vir die inenting geregistreer het, sal jy 'n SMS ontvang met die datum, tyd en plek waar die

vaksinering toegedoen sal word. Jy kan aanlyn registreer by <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/> of registreer via WhatsApp deur die woord REGISTER te WhatsApp na 012 3456, of skakel *134*832*ID nommer# en volg die instruksies.

President Cyril Ramaphosa het die land na Vlak 2 van inperkingsregulasies geskuif en sluit die nuwe maatreëls in:

- Aandklokkeëls geld nou van 23:00 - 04:00.
- Alle samekomste word tot 100 mense binnenshuis beperk, en 250 mense in die buitelug (of 50% van venue se kapasiteit).
- Alle nie-noodsaaklike persele, soos restaurante, kroë en gimnasiums moet om 22:00 sluit (sodat werknemers teen aandklokkeëls tuis kan wees).
- Dra van 'n masker steeds verpligtend (dit is 'n strafbare oortreding om sonder 'n masker te wees).
- Steeds net 100 mense mag begrafnisne bywoon, byeenkomste ná begrafnisne word nie toegelaat nie.
- Geen beperkings op alkoholverkope is ingestel nie.



Op die foto van die bejaardes wat geduldig hul beurt afgewag het om die inenting by Huis Bron van Heil te ontvang.

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED
Form for publication in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937.
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
Deed of Transfer T35194/2001
in favour of
ANNEMARIE HARTHOORN
Identity number: 501029 0036 080
unmarried
in respect of
PORTION 4 OF THE FARM RIVIERPLAATS 154, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 429,7783 (FOUR HUNDRED AND TWENTY NINE COMMA SEVEN SEVEN EIGHT THREE) Hectares
Held by Deed of Transfer Number T35194/2001 which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein, 84 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Signed at Pretoria on
APPLICANT
TIM DU TOIT & CO INC,
433 RODERICKS ROAD,
LYNNWOOD,
PRETORIA
(R AB00/PS/LF2078
E-MAIL ADDRESS:
petro@timdutoit.co.za
CONTACT NUMBER: 012 470 7777

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE MARTHINUS CORNELIUS BIERMAN, Identity Number: 340629 5014 084,** married out of Community of property, residing at Farm Katriena, district Heilbron, 9650, province Free Ste, Estate Number: 7364/2015.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, , HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE RONALD ARTHUR HOWARD LOUW, Identity Number: 710303 5159 081,** in life unmarried, residing at Erf 156 Heilbron, district Heilbron, Province Free State, who died on 2 August 2020, **Estate Number 9087/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 27 May 2021.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650

SKOOL TERMYN	
OPEN	SLUIT
3 Mei 2021	9 Julie 2021
26 Julie 2021	1 Oktober 2021
11 Oktober 2021	15 Desember 2021

PLOEG SMOER

Egte

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsmoer.com

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdag: 09:00 -12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

Environmental Impact Assessment Regulations Listing Notice 3 of 2014, as amended, Activity 3 (a) & (b): Establishment of a 70m high telecommunication mast for MTN (Pty) Ltd with a 225m2 footprint: TX101025 Hoogte HS

Location: Portion 1 of the farm Palmietfontein 1825 Heilbron RD

Co-ordinates (WGS84 format) of the alternatives on the above property:
Alternative 1: Latitude: 27°27'58.50"S
Longitude: 28°03'07.81"E

4-Legged Lattice painted Red & White

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the Environmental Impact Assessment Regulation Listing Notice 3 of 2014, as amended and promulgated in terms of the National Environmental Management Act 1998 (Act No. 107 of 1998, "NEMA") as amended.

Basic assessment procedures will be applied in accordance with Environmental Impact Assessment Regulation Listing Notice 3 of 2014 as amended and an application is to be submitted to the Free State Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs. The applicant furthermore intends to apply to the Free State Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs for exemption in terms of regulation 994 of the National Exemption Regulations, NEMA 1998 (Act No 107 of 1998) Environmental Impact Assessment Regulations, 2014, as amended, to assess alternatives with regard to the planned activity.

APPLICANT:
MTN (Pty) Ltd,
148 Kelvin Drive, Woodmead, Johannesburg, 2121

Environmental Assessment Practitioner (EAP):
Torbious Solutions CC
Attention: Sylvi Fullard
P.O. Box 32017, Totiusdal, 0134
Telephone: (012) 804 1504/6; Fax: 086 690 0441
E-mail: eia@infraplan.co.za

Further information regarding the proposed activity can be obtained from the EAP.

Any interested and affected party may, in writing, make representations on the proposed activity or request to be registered as an interested and affected party, by submitting the written representations or registration request, including their name, physical & postal addresses (including facsimile & e-mail where possible) and contact number(s) and quoting the activity reference number, to the EAP within 30 calendar days from the publication of this notice.

Notice publication date: 4 June 2021

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE

07:30 -17:00

VRYDAE:

07:30 - 16:30

SATERDAE:

08:30 - 13:00

Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

BLOEDSKENK DATUMS

27 Julie
28 September
23 November

Please Don't Litter

JAARBEPLANNER

JUNIE 2021
25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)

JULIE 2021
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
30 & 31 Jul. Boeretreat Classic (Vrydagaand-vermaak: Fatman - maksimum 250 persone)

AUGUSTUS 2021
6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoop)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)

SEPTEMBER 2021
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)

OKTOBER 2021
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

DESEMBER 2021
4 Des. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwiningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.

Kontak Jackie Wessels
072 936 5925

DIENTE

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

HAPPY FATHER'S DAY

Sunday 20 June

TE KOOP

VOER TE KOOP
Skakel
083 688 8256
K0746

16 June 2021

Jeugdag

BIBLIOTEEK OOP
Pierceststraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za



Grendelstraat 329
Locktown
2021

18 Februarie 2021

Liewe dominee Braam

Dit is weer oom Danie. Dit gaan goed met Oom en die tannie. Ons is maar besig met dingetjies in en om die huis. Met die baie reën moet die tannie nou twee keer 'n week gras sny om voor te bly. Oom help maar waar hy kan. Sit nou juis en hou die skottelgoedwasser dop terwyl die tannie wasgoed ophang. Gelukkig gee die weer haar bietjie kans. Dit reën darem nou maklik, nè Dominee. My buurman sê daar is dele wat nog meer as ons kry. Hy hoor die boere by Eendekuil of is dit nou Daniëlskuil, is nou self nie seker nie, praat al van 'n biddag vir droogte. Doom Braam, dit is 'n skande dat mense so praat. Die tannie sê dit is die jongetjies. Hulle dink mos jy kan reën by die koöperasie koop. So van jongetjies gepraat. Klein Danie sê my daar is groot moeilikheid met Driesie en Betsie se babaseuntjie. Hy is mos op vlak drie gebore. Die eerste keer, Dominee. Die eerste keer toe ons op vlak drie was. Nie die eerste keer toe hy gebore is nie. As Dominee verstaan wat ek bedoel. Daars nie fout met die mannetjie nie, Dominee. Die probleem is sy naam. Oupa Andries van Driesie se kant en oupa Inus van Betsie se kant, wil nie een kopgee oor die kleinman se naam nie. Die uiteinde is die

mannetjie kry toe bietjie Andries en bietjie Inus en word toe Anus!
Die tannie sê die naam pas goed by die oupas. As hy groot is en iemand vra, gaan hy sê hy is na sy oupas vernoem. Dominee, mag ek nooit so op hól raak oor 'n naam nie. Solank hulle hom Danie of Daan of Daniël doop, is Oom tevrede.
Nou sê my buurman hy hoor hulle wil die drankwet so verander dat jy 0% alkohol in jou bloed moet hê as jy 'n motor wil bestuur. Die tannie sê as dit waar is, is dit agterbaks. Dit is juis nou die tyd dat ons die wynboere weer op hul voete moet kry.
Dink net Dominee: Jy eet by John Dory's en die kelner vra of jy 'n koue wittetjie saam met die vis wil neem en jy sê ja dit sal lekker wees. En dan daag hy op met 'n Sprite zero! Dis om van te gril, Dominee.
Ou Dolfie sê dit lyk of die lawwe wet op die agtersitplek van 'n swart kar met duur blou ligte uitgedink is. Met sy eie drywer voor, as Dominee verstaan wat hy bedoel.
Wat gaan ons met nagmaal doen, Dominee? Ek sien al die spietkops voor die hek met hul blaaspypies. Die tannie sê ons



sal moet deurkollekte hou om hulle te "oortuig" ons bedien net druiwesap. Klein Daan sê dié wet gaan meer spietkops by die kerk bring. Hy sê by die kerk, Dominee, nie in die kerk nie...
Het dominee Braam gesien die eerste entstof het gekom. Die President en die Ministers het dit self op die lughawe gaan haal. Al die pad van Indië af. Die entstof, Dominee. Nou hoor Oom die goed is te flou vir ons kieme en boonop naby hul vervaldatum. Die tannie sê sy dink daar is te min kerrie in. Sy sê sy hoor van hulle is al oor hul vevaldatum.
Die Ministers, Dominee...
Ou Dolfie sê hulle kan die entstof wat nie werk nie vir die mense by die misipaal spuit. Hy sê die meeste van hulle werk ook nie. Ek sê vir die tannie daar is hoop. Die President het gesê hulle gaan van nou af die beste kaders aanstel om die misipale reg te ruk. Hulle moet net eers die swakkes uit kry. Sy sê in kry. Ek sê uit kry soos uit hul poste. Sy sê in kry soos in die tronk.
Sy sê dit laat haar dink aan die ou wat na

vele mislukkings, as laaste uitweg sy heel beste donkie by die Durban July inskryf en glo hy gaan dié keer wen. Dominee sal moet kom praat. Die tannie se geduld is in die rooi.
Maar voor dit lyk of Oom net wil kla. Oom is so trots op klein Danie. Dit is nou Kleindaan se Danie. Hy is uiteindelik terug skool toe. Die minister sê die skole gaan oop bly tot hulle weer toe maak. Hy sê hy speel krieket en rugby. Ek sê jy moet versigtig wees vir die kieme. Hy sê, Oupa, daar is streng reëls.
Hy sê voor jy boul moet Meneer eers die bal sanitize en die kolwer moet handskoene aan hê en mag die bal net met die kolf slaan. Ek vra en die veldwerkers? Hy sê hulle mag nie die bal vang voor Meneer dit nie eers gesanitize het nie...
Oom wil nou nie slim klink nie, maar dit smaak my die kinders moet op die paviljoen sit en Meneer moet alleen speel. Ek vra en rugby? Hy sê, Oupa, ons speel net touch rugby maar sonder om te touch.
Toemaar Dominee, Oom verstaan ook nie. Maar wag, Oom sien die skottelgoedwasser is klaar. Laat Oom net gou die tannie gaan roep om te kom uitpak. Ons praat later weer.
Groete
Jou oom Danie.

(Wou nog sê. As Dooms sukkel met die grasperk, laat weet maar. Oom sal met die tannie praat)

Skets Erkenning: Mia Marais

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Quarta Pretorius gerig aan die Redakteur:

HEILBRON BEGRAAFPLAAS

Indien u nie die afgelope tyd 'n draai by die begraafplaas gemaak het nie, kan u gerus gaan kyk hoe netjies dit daar lyk. Hiermee al die dank aan Izak. Die 5 Kerke op Heilbron, NG Moederkerk, Heilbron Suid, die APK, Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk maak 'n groot bydrae aan Jan du Toit wat dit op hom geneem het om die begraafplaas netjies te hou. Sy helper Izak is elke dag daar besig en namens die Heilbron gemeenskap ons opregte dank aan Jan en Izak. Dit maak ons trots om te weet daar is nog mense in Heilbron wat omgee en bereid is om te help.
Ons opregte dank aan Sagrys Ramage wat die Konsentrasiekamp begraafplaas so netjies hou. Dankie ook aan AfriForum wat

vir Sagrys befonds.
As daar nog Heilbronners is wat bereid is om te help sodat ons van Heilbron 'n netjiese dorp kan maak, tree na vore en bied julle hulp aan. AfriForum gaan ons help. Soos Heilbron nou lyk, moet ons ons koppe in skaamte laat sak. Hier is niks om op trots te wees nie. Die Munisipaliteit doen absoluut niks. Ek weet almal in Heilbron is besig, maar as ons regtig wil kan ons die slegte in Heilbron omkeer tot 'n dorp om op trots te wees.



Die volgende skrywe is ontvang van David Grobler, van Ringerstraat Heilbron, Tel: 063 220 1871 gerig aan die Redakteur:

Is: Die vervolghverhaal Paneel 6 (Heilbron Herald van 28 Mei 2021, bladsy 11.

O, die spanning, die afwagting! Watter aangrypende vervolghverhaal. Kan amper nie wag vir die volgende Herald nie.
Wanneer vertel Tannie Quarta ons wat in die "heilige" sarkofaag is?
JeremiYAH 22:10; JeremiYAH 46:28.
Op die hoogte naby Valhalla? En wat van Odin? Wat beteken dit tog alles?
Seën, vrede en vreugde.

Die volgende skrywe is ontvang van AM Grobler van Heilbron, Tel: 063 352 7880.

Ons donkerwêreld se wonderwêreld
Openbaring 3 vers 19. Almal wat ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. 20. Kyk Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. So nooi die Vader ons met liefde om Hom toe te laat om ons uit die donkerwêreld uit te help in Sy wonderwêreld van lig in. Die vereiste is, dat ons moet glo dat die Bybel die Woord van God is. Johannes 3 vers 21. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.

	3						
	4			5		1	
	2		6	1	3	5	4
		6	8		2		5
	1	8	7			3	
7		3	1		6	2	8
1			4		9	7	6
9			3	7	8	4	1
				6	1	9	

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

PANEEL 7

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



DIE SLAG VAN KAPAIN

■ Quarta Pretorius

Die Voortrekkers het na die slag van Vegkop twee “strafekspedisies” teen die Matabeles van Mzilikazi onderneem ten einde hulle beeste en skape terug te kry. Tydens beide veldtogte het die Voortrekkers die Matabele verslaan. Die nege dae lange Slag van Kapain wat hier uitgebeeld word, het tydens die tweede veldtog plaasgevind. Dit was November 1837. Die Matabele het tydens hierdie veldslag gebruik gemaak van vegbeeste waarvan die horings skerp gemaak was. Dit was, sover bekend, die enigste geveg ooit waartydens swartmense beeste as rydiere tydens ’n veldslag gebruik het. Hierdie paneel is ook sover bekend die enigste voorstelling wat nog ooit gemaak is van ’n konfrontasie tussen ’n

man te perd en ’n man op die rug van ’n bees. Volgens Voortrekkerbronne was die vegbeeste nie doeltreffend nie, want hulle is deur die geweervuur verwilder en het verwarring onder die Matabeles veroorsaak. Die Matabele het na die geveg uit die Oorvaals-gebied by Zeerust weggetrek en hulle uiteindelik in die huidige Zimbabwe gaan vestig, waar hulle vandag nog bly. Dit is die enigste paneel hierdie wat nie deur die Historiese Kommissie voorgestel is nie, maar op versoek van die beeldhouer ingesluit is. Hy het sy broer as model gebruik vir die man tweede van links en ’n kleinseun van die Trekker Andries Hendrik Potgieter, naamlik Carel Potgieter, as model vir die figuur derde van links.



PUREBRED GERMAN SHORTHAIRED POINTER

Puppies For Sale



For further
INFORMATION & ENQUIRIES
Contact the sellers on
Werner 060 524 5567 | Jeanne 076 813 2751

'N AANWINS VIR DIE RIEMLAND

Tyremart Heilbron Bandediens het Vrydag 'n bekendstellingsfunksie by hul moderne perseel op die h/v Wentwoth- en Langmarkstraat, Heilbron, gehou. Die direkteure, Jacques van Rooyen (middel), Ters Pretorius (afwesig), Thabo Strydom (links) en Leonard Strydom (regs) het dit sterk beklemtoon dat kwaliteitdiens en goeie pryse vir hulle belangrik is en net die beste toerusting deel is van hulle strategie om kliente se tevredenheid te verseker. “Ons vulkanisering-masjien is 'n eerste vir die Riemland sodat vragmotor en agri-

bande wat 'n sny op die wand of loopvlak het, reggemaak kan word”. Dit was altyd 'n gespook om jou voertuig se wiele te laat balanseer en nou kan dit plaaslik gedoen word, selfs ook trokke se wielbalansering kan hier gedoen word. Al die eienaars is in die landbou betrokke en weet hulle hoe frustrerend dit is om in druk tye te wag vir diens op die plaas. Dit is vir hierdie rede dat hulle besluit het om drie bakkies beskikbaar te hê vir plaas-velddienste. As jou voertuig se skokbrekers of remme nie reg is nie, kan die nuwe besigheid jou ook daarmee help.



Op die foto vl: Thabo Strydom, Jacques van Rooyen en Leonard Strydom.

KENNISGEWINGS SMALLS

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van **WYLE PAUL JOHANNES SLABBERT**, Identiteitsnommer 7106105054082, wat woonagtig was te plaas Tauton, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 17 Augustus 2019, **boedelnommer 007848/2019**. Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir ’n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33 POSBUS 199, HEILBRON, 9650 GEREISTREERDE OUDITEUR

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van **WYLE MAGDALENA PETRONELLA STROEBEL**, Identiteitsnommer 3508160115084, wat woonagtig was te Huis-Bron-Van-Heil bejaardesorg, Langmarkstaat, Uitbreiding 1, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 05 Augustus 2020, **boedelnommer 006452/2020**. Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir ’n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33 POSBUS 199, HEILBRON, 9650 GEREISTREERDE OUDITEUR

Boerseep & Boerseep Poeier
Ekonomies & Effektief
Handwas & Alle Wasmasjien
100% Natuurlik, Geen Bleik of Kleurmiddels

Onk Beskikbaar:
*Tallow Balm *Diaper Cream
*Charcoal Seep *Lyf Seep
*Aftershave Balm *Skeerseep & Skeerkwas
*Lip Balm *Aknee Room

Weeklankse Aflewering in Heilbron, Petrus Steyn, Reitz & Koppies

Delareys Smit Tel: 082 940 3183

oudheDE GESOEK



oudheDE GESOEK

Afrikaans, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, “tin toys”, “enamel signs” miniatuur speelgoed soos Naaldwerkmassjiene, ens. Verskeidenheid te veel om op te noem.

Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.

HERALD

Sport

MOENIE JOU BOK MIS NIE

Is jy lus vir bokkoors dan moet jy vinnig inskryf vir vanjaar se Heilbron Gholfklub Bokkedag wat op 25 en 26 Junie aangebied word. Volgens die bestuur is daar 20 karkasse op die spel. Inskrywingsgeld is R500 vir twee dae se

spel of R300 per dag.

Môre is dit HBA Mug-dag en inskrywings is vanaf 11:00 vir afslaan 11:30. Saterdag het Gerrie Muller die beste gevaar met 35 punte na 'n uittel teen Abrie wat ook 35 punte gespeel het.

Die Poker Draw sal ook vanaand gedoen word met die geldpot wat op R4 300 staan.

Vir die wat honger is, daar is Steak-strips en aartappels op die spyskaart.

Die ligaspan het derde geëindig en vermy gelukkig die uitspeelwedstryd. Hul behou dus hulle status in die A-afdeling van die Oos Vrystaat-liga.



THE CHEDDAMELT TRIO R99⁹⁰ EACH

Spur Steak Ranches

ALL DAY EVERY DAY SPECIAL

DOUBLE BURGER (2X 100G)
200G CHEDDAMELT STEAK
FULL CHEDDAMELT SCHNITZEL
350G T-BONE STEAK **R99⁹⁰ EACH**

BURGER, CHIPS & ONION RINGS
BEEF / CHICKEN / RIB
(MONDAY - THURSDAY) **R60⁰⁰ EACH**

BUFFALO VALLEY SPUR
058 853 0061

Late-Nite Video
Heilbron

IS NOW OPEN!

**NEW PREMISES
NEXT TO ABSA**

072 807 7790
076 868 3837

POSTNET HEILBRON **NEW!**

**SAME DAY
COLLECTION AND DELIVERY
BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!**

FOR ONLY R75

CONTACT US TO ARRANGE YOUR
COLLECTION OR DELIVERY!

SASOLBURG
VEREENIGING
VAN DER BIJLPARK

© 42 Els Street, Heilbron © heilbron@postnet.co.za © 058 853 0006 © 064 988 6078

BEST TYRES BEST PRODUCTS BEST PRICE

TYREMART HEILBRON
SUPPLIES & FITS
TYRES + BATTERIES
BRAKES + SHOCKS
& MORE

058 853 0277

CNR LANG MARKT & WENTWORTH STR
S27° 16' 49.6"
E 27° 58' 09.7"

TYREMART

MONDAY - FRIDAY: 8H00 - 17H00
SATURDAY: 08H00 - 13H00
SUNDAYS & HOLIDAYS: CLOSED

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

TRY ME, I'M NEW!

local health
Your Life / Your Clinic

**MULTI VITAMINS, COLLAGEN,
CALCIUM, FOLIC ACID,
PROBIOTIC, OMEGA 3
AND MUCH MORE IN STORE**

063 721 4950 087 577 0723
platteland@localhealth.co.za
27 Wentworth Street, Wentworth Square, Heilbron

BKB Louwid

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 8 JUNIE 2021

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuïdenhout
082 827 7443

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSdag - 9 JUNIE 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 10 JUNIE 2021

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

PAUL ROUX: BLOUKRUIJ BOERDERY
AANTEELVEILING
1595 Sussex tipe boerbeeste
11:00, plaas Bultfontein, Paul Roux
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

DONDERDAG - 11 JUNIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD veiling
Kontak George Marich 072 205 1074

VRYDAG - 12 JUNIE 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

WESSENTIAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER

P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Comella

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Comella/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127

Tweeling/Kelz/Pekus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424

Villiers/Comella/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802

Villiers/Comella/Grootvlei

Pula Giliomee
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)